# Brosjure vir Afstandsonderrig Uitvoerende Kursusprogram 2025
## School of Social Innovation @ Hugenote Kollege

By die **Skool vir Sosiale Innovasie** droom ons van gemeenskappe van toegewyde en goed toegeruste mense wat deelneem aan die versorging en genesing van die euwels van hierdie wêreld. Om sulke gemeenskappe te bou, is innoverende sosiale leiers nodig om die menslike en sosiale kapitaal van ons nasie te bou en te ontwikkel.

Die doel van hierdie **drie onderskeibare uitvoerende aanlynkortkursusse** is om sosiale leiers op te lei wat bereid en gereed is om hul lewens en talente te wy om die samelewing te verbeter, ongeag sosiale aansien, rykdom, kultuur, etnisiteit of voorreg.

Die **Skool vir Sosiale Innovasie** glo dat deurlopende sosiale innovasie nodig is om te verseker dat effektiewe, goed nagevorste en konteksspesifieke oplossings vir die behoeftes van individue, groepe en gemeenskappe ontwikkel en geïmplementeer word.

**Die drie uitvoerende kortkursusse, wat aangebied word indien daar genoegsame belangstelling is, is:**

| Kursusnaam | Kursusbeskrywing | Datums en tye |
|---|---|---|
| **Leierskap vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap**<br> | In hierdie kursus word geleer hoe sosiale innovasie deur middel van sosiale entrepreneurskap en innoverende leierskapbenaderings beoefen kan word. Dit lei tot die ontwikkeling van individuele vaardighede en institusionele kapasiteit van organisasies.<br><br>VBO punte vir NGK en VGK predikante<br><br>Maatskaplike werkers kan 15.5 CPD punte na voltooiing van al drie kursusse verwerf. | Registrasie: 3 Feb. 2025<br><br>Prys: R3,900.00 p/p of R1,600.00 p/p as groep van ≥10<br><br>Duur: 3 Feb.- 10 Maart '25<br><br>Doen aansoek, kliek op [Hugenote Kollege Web] |
| **Mensgesentreerde Ontwerpdenke vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurship**<br> | Hierdie kursus sluit al die stadia van die ontwerpdenkproses vir kreatiewe probleemoplosssing in. Insig in die onvervulde behoeftes van belanghebbendes word ondersoek en gebruik vir mensgesentreerde oplossings.<br><br>VBO punte vir NGK en VGK predikante<br><br>Maatskaplike werkers kan 15.5 CPD punte na voltooiing van al drie kursusse verwerf. | Registrasie: 24 Feb. 2025<br><br>Prys: R3,900.00 p/p of R1,600.00 p/p as groep van ≥10<br><br>Duur: 24 Feb. – 28 Maart '25<br><br>Doen aansoek, kliek op [Hugenote Kollege Web] |

hugenote kollege

Waar Christenwees grondvat in opleiding

**Brosjure vir Afstandsonderrig Uitvoerende Kursusprogram 2025**

**School of Social Innovation @ Hugenote Kollege**

| | | |
|---|---|---|
| **Mentoring en Afrigting, Persoonlike Meesterskap, en Emosionele Intelligensie vir Sosiale Besigheid**<br> | Hierdie kursus ontwikkel Emosionele Intelligensie (EI) en kombineer Ei met mentorskap en afrigting. EI en mentorskap en afrigting lei tot verbeterde persoonlike meesterskap en organisasieprestasie.<br><br>VBO punte vir NGK en VGK predikante<br><br>Maatskaplike werkers kan 15.5 CPD punte na voltooiing van al drie kursusse verwerf. | Registrasie: 1 April 2025<br><br>Prys: R3,900.00 p/p of R1,600.00 p/p as groep van ≥10<br><br>Duur: 1 April – 2 Mei 2025<br><br>Doen aansoek, kliek op Hugenote Kollege Web |

**Toelatingsvereistes**

Toelatingsvereiste is verkieslik 'n voorgraadse graad of gelykwaardige kwalifikasie. Aansoekers met 'n graad 12 skooleindsertifikaat kom ook in aanmerking vir toelating tot uitvoerende kortkursusse met toepaslike leierskap- en bestuurservaring.

**Afstandsonderrig**

In die afstandsonderrig-afleweringsbenadering word die kursus via die My Notes-studenteportaal van Hugenote Kollege aangebied in 'n program wat begeleide selfstudie van deelnemers sal vereis. Die tyd wat benodig word vir hierdie selfstudie aflewering sal ±4 uur wees en vereis bestudering van die materiaal wat verskaf word. Die selfstudie op My Notes sal gekoppel word aan drie weeklikse vier-uur Zoom-gebaseerde onderrigsessies. Bywoning is verpligtend.

Die voorgeskrewe verpligte assesserings sal selfstudie en oplaai van die opdragte op My Notes vereis om geassesseer te word. Die duur van die kursus beloop ±35 dae en word afgelewer op die wyse soos hierbo en hieronder uiteengesit.

Assesseringsmetodes:

- Individuele leierskapreisoefening (75%)
- Klasgroepaanbieding (25%).

Die **standaardkoste** van die kursusse is R 3 900 per persoon.

**NG en VGK dominees** kan **VBO punte** na voltooiing verwerf. Stuur bewys hiervan aan Bridget Leibbrandt by bleibbrandt@kaapkerk.co.za. **Maatskaplike werkers** kan na voltooiing van al drie kursusse 15.5 CPD punte verwerf.

Vir meer inligting kontak Frederick Marais by frederick@hugenote.ac.za en/of Lyzette Schwella by academyssi@hugenote.com **of skakel 021 873 1181.**